

GOD BRING DIE MOOI BINNE ONS NA VORE

deur Gerhard Bothma

Tonie was een van daardie seuntjies na wie 'n mens 'n rukklank moes kyk om iets moois in sy sproetgesiggie raak te sien. 'Die kinders by die skool het hom onophoudelik gespot en hom die allervreeslikste skelname toegesnou. Sy selfbeeld was aan flarde en amper almal wat hom geken het, het gedink dat hy nie juis iets in die lewe sou bereik nie. Toe een van sy onderwysers hom jare later raakloop en hom herken, het hy hom vriendelik gegroet en 'n geselsie aangeknoop. Nadat hy aanvanklik hakelig gepraat het, het die jongman met selfvertroue vertel hoe sy lewe ná skool verloop het en hoe vervullend dit vir hom was om, saam met sy vrou, kinders te leer sing en kore af te rig.

Die onderwyser, wat gereken het dat die jongman se stem "soos 'n engel sin geklink het", was dankbaar om te sien dat hy hom nie deur sy voorkoms of die groep kinders tussen wie hy grootgeword het laat onderkry het nie. "My kind," het hy vir hom gesê, "jy laat my dink aan Michaelangelo, die groot Italiaanse beeldhouer, wat eendag 'n kontrakteur gaan besoek het om 'n groot blok onverwerkte marmar te gaan koop." Toe vertel hy dat die handelaar onbeskryflik opgewonde was omdat die kunstenaar by hóm kom aanklop het en het hom met sy aankoms na die beste blokke marmar op sy werf geneem. Oppad daarheen het hulle by 'n ruwe klont marmar, wat waarskynlik lelik gebreek het toe dit vervoer is, verbygestap. Op die oog af was dit nie veel werd nie en die handelaar sou nie eens daaraan dink om dié stuk te probeer verkoop nie. Die beeldhouer, wat bekende meesterstukke soos die Pieta- en Dawidbeelde geskep het, het egter by die onindrukwekkende stuk marmar gaan staan en dit bekyk. Hy het vir die handelaar gesê dat hy dié stuk wou koop. Die kontrakteur was verbaas en wou nog teëstribbel, toe sê Michaelangelo: "Daar is 'n engel in dié stuk klip, wat wag on verlos te word." "Ek is só bly," het die leermeester voortgegaan, "dat die engel in jou uiteindelik buitentoe gekom het."

Volgens die psalmdigter sien die Here daar waar niemand anders kan sien nie en weet net Hy wat binne-in 'n mens aangaan (Ps 139). Die Here ken ons harte, ons bedoelings en ons geheime (1 Kon 8:39; 1 Kron 28:9; Ps 44:21/2). God bring die mooi binne ons na vore. Hy werk soos 'n knap beeldhouer aan ons en hou nie op voordat Hy met ons klaar is nie (Fil 1:6; Ef 4:13).

Liewe jongmens en lidmaat, laat God toe om die Pottebakker van jou lewe te wees!

Ds Leon Tait



Geen donker is te donker vir lofprijsing nie

In Handeling 16:16 en verder lees ons van Paulus en Silas wat vals beskuldig is, erg geslaan en gemartel is en in die maksimum-sekuriteit-tronksel gegooi is. In die koue donker tronksel is hulle voete vasgeboei en oor hul koppe het die swaard van 'n moontlike doodstraf of langtermyn gevangenisstraf gehang. Wat doen 'n christen in sulke ellendige omstandighede?

Ja! ek meen die meeste van ons sou gesug, gekla, geskel het en selfs opstandig vir die Heer sekere vroe geva het. Toe Paulus naby middernag uit sy beswyming bykom, was sy voorstel: *Kom onsloof en prys die Here!* Silas het sekerlik gedink: sing? waarom nogal? Ons het alles verloor! Ons gesondheid, ons veiligheid en nog moontlik ons lewens ook.

Paulus en Silas het egter gebed en tot lof van God gesing! Wat ook al met ons gebeur, God is nie afwesig nie. Die lewende Here is teenwoordig en daarom word gesing selfs in die donker sekuriteit-sel om middernag. Om die waarheid te sê was die Here alreeds in die sel voor Paulus en Silas daar opgedaag het...Hy het hulle ingewag in hul donkerte vir 'n fees. Later skryf Paulus oor die diepste geheim om lofprijsing te sing. Nee dit is nie jou sangstem, jou nootvasheid, jou musiekkennis, jou omstandighede, jou gevoel of enigets wat jy het wat jou laat lofprijsing nie. Dit is die Heilige Gees wat in ons woon wat ons laat loof en prys (lees Efesiërs 5:18-19). Die Gees kan 'n tronksel in 'n simfoniesaal verander met God as die eregas. Daarom is lofprijsing in die DNA van elke Geesbeheerde volgeling van die lewende Here Jesus!

>>>Na bladsy 2



IN HIERDIE UITGAWE:

Taakspan vir Jeug	3
Taakspan vir Omgeegroepes	5
God bring die mooi binne ons na vore	8

Lof aan God wys op ons gesigte en vloei oor ons lippe, hande en voete. Soos iemand so mooi dit stel: *Its all about Him now- the lover of their souls, the hope of their lives, and the Saviour of the world.*

Wie in God se hande is weet hul het rede om te sing al is daar geen ander logiese rede nie. Die enigste rede is God. Hy is ons Vader en Jesus is ons Here. Daarom het God hul lofsang so geniet en geëer dat Hy kragtig ingegryp het, tronkdeure laat oopgaan het...en mense het tot bekering gekom!

In ons grootste donker het ons rede om God te loof en prys! God kan ons donkerte in 'n fees verander. Die Gees kan ons lofprysend laat sing selfs in ons diepste beproewing. Die Here kan ons tronkdeure laat oopgaan wanneer ons sing. Hy kan ons lofprysing gebruik om ander se lewens te verander.

Geen donker is te donker vir lofprysing nie. Die Gees kan dit ook met jou en my regkry om lofprysend te leef!

Ds Leon van Heerden

!! ONTHOU DATUMS !!

- ◆ **1 Mei:** Vakansiedag
- ◆ **4 - 6 Mei:** Huweliksaweek
- ◆ **17 Mei:** Hemelvaart en Hemelvaartdiens
- ◆ **20 Mei:** Doop
- ◆ **27 Mei:** Nagmaal en Pinksteroffer

Sien jou daar!



Vuka Scuta XS125 te koop: 2008 model, met slegs 3322 km's, goeie toestand vir R5 500.00. Kontak Johan Muller @ 084 500 2481

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadje adverteer! Kontak Ilze @ 072 111 3100 / e-pos: ilzedples@gmail.com

REDBLUE SECURITY



REPAIRS

**Quality Repairs, Upgrades & Additions
to all makes of security systems**

**Intruder Alarms
CCTV Systems
Electric Fencing
Gate Automation**

**Barnard Swanepoel
SAIDSA CERTIFIED TECHNICIAN**

083 384 8709
redbluesecurity@gmail.com

**ALL WORK
GUARANTEED**



Registered as a Security Service Provider - Private Security Industry Regulatory Authority - Reg. No 0789978

Kort boodskap vir al ons Mamma's

Dankie vir die onvoorwaardelike liefde van 'n Moeder.

Daar is twee wonderlike dinge wat jy as Moeder jou kinders kan gee:

Die een is sterk wortels,

Die ander sterk vierke



To God the Glory

MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



We serve the Community of God
Contact us for an interview

012-331-8274

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



Taakspan vir Jeug

Dis darem moeilik om by 2012 se spoed aan te pas. Party van ons se Kerskouse is nog nie eers leeg nie, en ons trek al in die tweede kwartaal.

Dit is asof 2012 se akademiese eise net soveel meer is as ander jare. Ons kan aan ons jongmense (jongmense in die algemeen) sien dat die skoolwerk erg op hul skouers rus. Verder sit baie van hierdie jongmense nog, bo-op hul akademiese verantwoordelikhede, met die verantwoordelikheid om die gemoedere in die huisgesin te probeer beredder. Ons jongmense kry swaar.

Die wonderlike is dat hulle weet Waaraan om vas te hou. Ek en Nadia staan talle male verbaas oor die groot honger wat ons jongmense het om dag na dag saam met God hul lewenspad te stap. Ek wil regtig vir u voorbidding vra ten opsigte van ons jonges. Bid dat die Here hul die moed sal gee om elke dag te leef, soos Hy wil. Vra ook dat die Here hul die geleentheid sal bied om nog kind te wees. Soveel van hulle word reeds op 13 / 14 jarige ouderdom gekonfronteer met uitdagings waarvoor sommige 40 jariges nie kans sien nie.

Wat ons eie kerk se jongmense betref, is ons baie opgewonde. Sedert verlede jaar September het die getalle en geestelike diepte so pragtig toegeneem. Die gemiddelde bywoning van ons aanddienste is in die omgewing van 105 mense. Ons noem ook al lankal nie meer die aanddienste "Jeugdienze" nie. Ons het die besluit geneem dat ons (ek praat hier namens die jeug) nie onself wil afsonder van die res van die gemeente nie. Daarom het ons die aard van ons aanddienste effens aangepas sodat ouer mense ook daarby kan aanklank vind. Ons noem dit nou "Informeel Aanddienste". Dié term vertel presies hoe ons aanddienste is.

Ons nooi u hartlik uit om ook saans te kom deelhê aan die saamwees van Christus se gemeente. Ons het 'n behoefte om ook saam met ouer boeties en sussies die Here te ervaar binne die ruimte van die erediens. Ons is tans besig met 'n reeks oor barmhartigheid, waarby ons kyk na 'n metaforiese betekenis van elke liggaamsdeel as dit by barmhartigheid kom.

Ter inligting, bietjie meer oor die doen en late van ons jeug. Elke maand word daar 'n Jeugtaakspanvergadering gehou. Alle besluite rakende die jeug word hier geneem. Daar is ook op die 1ste Vrydag-aand van elke maand 'n "social". Dan gaan speel ons Ten-Pin-Bowling, gaan ysskaats, kyk 'n fliek by die kerk of hou sommer 'n lekker braai op die kerkgronde. Baie van ons aanddienste en "socials" word deesdae ook deur dowe jeug bygewoon en ons gaan woon ook bv. van hul selgroepe by die dowe gemeente by.

NG Kerk Rietfontein-Suid se jeug is jongmense met wie die Here 'n doel het. In biddende afwagting hoor ons graag wat die Here met en deur ons wil doen.

Vir enige verdere inligting, skakel my gerus.

Mag u die genade en aanraking van God elke oomblik intiem beleef.

DJ Muller (Jeugtaakspanleier)

c'n anru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



'n Paar punte word uitgelig wat onder bespreking was tydens die onlangse opleiding aangaande omgeegroepes (opgestel deur Ds Leon van Heerden).

WAAROM GAAN DIE OMGEEGROEP?

- * Lewende verhouding met God (dissipelskap)
- * Verhoudinge van ware omgee vir mekaar!!!
(kookpunt-omgee maak al die verskil!)
- * Omvattende verhouding met jou geloofs familiekring (dien mekaar met gawes)
- * Dienende verhouding met mense buite geloofs familie
(Its about loving others all the way back to life)
- * Twee pilare: weeklikse byeenkomste én tussenin omgee

BYEENKOMSTE:

- * Verloop naastenby soos volg:
 - Aanbidding: lofprijsing deur sang, gesinsverklaring en 'n gebed
 - Gemeenskap: verwelkoming, ken-mekaar, lief en leed; verjaardae
 - Dissipelskap: Woord en tema-bespreking (saam-praat-papier)
 - Bediening: voorbidding vir mekaar; ondersteuning, help mekaar
 - Uitreik: bid vir mense buite groep; beplan uitreik na ander (leë stoel gereed hou vir nuwe persoon)
- * Drie bewegings: na Bo, na binne en na buite
- * Mens tot mens; mens tot God; God tot mens en Mens tot medemens (na buite)

GELEENTHEDE VIR SAAM WEES EN UITREIK:

- * Gemeente-tee
- * Gemeente-etes
- * OmgeeSondae
- * Familiebyeenkomste, ens.

ONTHOU:

- * Die **kerk van die Here** het ontstaan in kleingroepe en het soos wat ons dit ken as 'n ERE-DIENS eers later ontwikkel.
- * Die kern van 'n gesonde en gelukkige gemeente word eintlik gevorm deur gesonde kleingroepe. Dis vanuit die kleingroepe wat bedieninge moet en behoort te ontstaan.
- * Dis daar in die kleingroepe waar navolgers van Jesus met hul gawes mekaar werklik kan bedien en waar die liggaam van Jesus veral sigbaar beleef word.

"Wanneer jy God jou hoogste prioriteit maak, sal jou hele lewe Hom behaag"

**Indien jy graag by 'n Omgeegroep wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:
Liezal Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591**